Comrades Runner: No stopping!

Rustenburg/ Sun City – Keen runner Simon Nkosi, a lifeguard at Sun City not only completed his eighth comrades this year, but he was also blessed to take part in the Virgin London Marathon (14 Apr 2011).

Nkosi, diagnosed with Diabetics Type 2, is living evidence of the success of a strong willed power. He acknowledges his boss, Mike Raubenheimer, and Andrew & Chris Norton, fundraisers for Motor Neurone Disease Cambridgeshire.

“Without their financial support I would not have experienced this dream-come-true,” Nkosi said.

1ste & enigste Afrikaanse Sokkerliedjie

ATKV Centurion se Afrikaanse Sokkerliedjieprojek is die afgelope week tydens die ATKV se Algemene Jaarvergadering by ATKV Goudini Spa, met 'n ATKV-toekenning vir 'n unieke hoë gehalteprojek vereer.

Die Afrikaanse Sokkerliedjie het baie wye Nasionale en Internasionale Mediadekking ontlok. Die CD- en Video-opname is op bykans al die Suid-Afrikaanse Radio- en Televisiekanale gehoor en gesien. Dit is ook op sommige oorsese TV-kanale vertoon.

Die projek het verlede jaar, ter ondersteuning van ons eie Bafanaspan en Suid-Afrika as Gasheerland van die Sokker Wêreldbeker afgeskop.

'n Landwye Sokkerliriekkompetise wat op die wysie van die wêreldbekende "Sarie Marais" geskryf moes word, is van stapel gestuur. Baie inskrywings is ontvang en uiteindelik is die liriek van Thea de Kock, 'n afgetrede dame van die Wesrand as wenner aangewys. Benewens die deelname van sommige ATKV Centurionsangers, het Nadine, Ghapi, Tiro, Steyn Fourie en Jaco van Deventer (konsertina) verdere luister en kwaliteit aan die Cd- en Video-opname verleen. Die Sokkerliedjie kan op die webwerf www.tak.co.za gesien en gehoor word. Kliek op die openingsbladsy op die skakels regs.

Sakkie Kotze, voorsitter van Centurion en Johan van Schoor is weer op die ATKV-Direksie verkies. Op die foto wens hulle mekaar geluk. Johan is ook weer as Voorsitter verkies.

Navrae: Sakkie Kotze, 082 925 1488, www.tak.co.za.

1, 2, 3...JUMP!

To all our Skydivers & Supporters,

Thanks again for the massive interest and support as well as all the positive feedback we constantly receive at SkyDive Rustenburg.

Please make yourselves welcome, keep up the support and take FULL advantage of the good energy coming out of SkyDive Rustenburg at this time.

During last week’s fund raiser for Pierre Cater and James Baird, who have again made the stringent selection for their second participation in the Red Bull X-Alps, we had so much fun! All kinds of useful “as used by Pierre in training” items as well as sponsors donated items were auctioned off at bargain prices with the proceeds going towards this seriously gruelling, exciting, thrilling and spectacular challenge they are about to embark on… for the second time! Good luck guys!

Furthermore, this weekend we have some Tandem Introductory Skydives to facilitate. You can expect all the usual assistance with progression and license requirements wherever possible. We will be able to facilitate Single Instructor AFF Levels (4-10) on SUNDAY only (subject to advance bookings). Please book and confirm your AFF Levels in advance.

We also have 2 surprise parties happening this weekend! Saturday wheels off 08h00ish. Sunday wheels off by democratic vote.

C U There!!!

SkyDive Rustenburg
+27 (0)79 345 7058
SkyDive.Rustenburg@gmail.com
www.SkyDiveRustenburg.co.za

Super 15: Week 15

Crusaders vs Reds

Die wedstryd het ‘n mens baie laat dink aan ‘n toets tussen die Wallabies en die Kiwi’s. Puik rugby is opgedis deur beide spanne en baie van hierdie spelers sal vir hulle verskeie lande diens doen in die Drie-Nasies en die Wêreldbeker later vanjaar.

Quade Cooper en Dan Carter is die spil waarom die twee spanne draai. Cooper het egter laaste gelag en die wedstryd gewen vir die Reds met ‘n strafdoel in die 80ste minuut. Die eindtelling: 17-16. Die Reds speel teen die Brumbies en sal hulle voorsprong seer sekerlik groter rek met 5 punte. Die Crusaders het ‘n loslootjie.

Sharks vs Waratahs

“‘n Wen is ‘n wen,” sê Aldus John Plumtree na hulle oorwinning van 26-21. Die Sharks het weliswaar nie die wêreld aan die brand gespeel nie, maar die wil om te wen en die honger om in die wedloop te bly, het die wa deur die drif getrek. Pat Lambie is besig om sy beste vorm te herwin en het vlymskerp gebreek vir ‘n super drie!

JP Peterson is ook weer kookwater en het self een van die mooiste drieë van die seisoen gedruk. Wat egter ‘n kommerpunt in die Haaie se kamp moet wees, is die gesukkel in die vaste skrums en die lynstane. Die Bok-breier, alias Piet Snorre, het nie verniet vroeër in die week die mees onvleiendste opmerking oor die Bokkaptein John Smit se spel op stut gemaak nie. Smittie is egter ‘n vegter en sal baie hard aan sy tegniek en spoed werk!

Die Haaie reis Bloemfontein toe en moet die omgekrapte Cheetahs in die oë gaan kyk en dit gaan ‘n gegrom afgee! Die Waratahs het ‘n steil bult om uit te klim want hulle moet die moeilike Bulle op Loftus gaan aanvat. Dit kan lang dag op kantoor word vir die Waratahs as hulle nie hulle sokkies gaan optrek nie!

Hurricanes vs Force

In Palmerston North speel die Hurricanes uitmuntende rugby in die tweede helfte en die groot All-Black senter, Ma’a Nonu , druk twee drieë. Die losskakel, Aaron Cruder het ook ‘n puik wedstryd gespeel. Om met 28-10 halftyd agter te loop en dan die wedstryd met 34-28 te wen, wil gedoen wees! Die Hurricanes speel volgende teen die Lions in Wellington en die Force pak die Highlanders aan in Dunedin.

Lions vs Highlanders

Die manne van Johannesburg daag toe weer op en klop die hardebaarde van Dunedin. Om in die Huis van Pyn te wen is nie maklik nie maar dit lyk of die Leeus hulle deur geskiedenis laat afskrik nie. Die Leeus het vuur met vuur beveg en John Mitchell kan in sy skik wees met die vordering wat gemaak word.

Wikus van Heerden druk die wendrie in die doodsnikke en daar word die geskiedenisboeke herskryf met die Leeus se eerste oorwinning ooit in die Huis van Pyn! In die volgende ronde speel die Leeus in Wellington teen die Hurricanes en die Highlanders speel die Force in Dunedin.

Stormers vs Brumbies

Een van die afrigters in die kompetisie het vroeër gesê dat hulle in die laaste deel van die kompetisie nie mooi rugby gaan speel nie en net gaan vir ‘n wen. In Canberra kon dit duidelik gesien word. Die Stormers wen 16-3 en sal rêrig hierdie een gou wil vergeet!

Die manne van die Kaap speel teen die sukkelende Rebels in Melbourne en sal seker definitief vyf punte wil gaan oes. Die Brumbies gaan ‘n rowwe dag op kantoor beleef want hulle speel teen die Reds in Brisbane.

Bulls vs Cheetahs

Soos voorspel was die swaargewigte in die Bulls se arsenaal een te veel vir die moedige krygers van die Rose stad. Met wêreldklas impakspelers soos die Bul Danie Rossouw het jy nie antwoorde nie. Rossouw speel die beste rugby van sy loopbaan en druk welverdiend twee puik drieë.

Francios Hougaardt het baie goed vertoon op skrumskakel en het die skoene baie goed volgestaan van die beseerde Fourie Du Preez. In die Cheetahs se kamp was Ashley Johnson weer ‘n yster. Hy het ook twee drieë gedruk en was ‘n doring in die vlees van die Bulle. Mens kan maar wonder wat sou die impak gewees het as die blikore se twee wêreldklas flanke nie beseer was nie… Juan Smith en Heinrich Brüssow. Agterlangs het Robert Ebersohn ‘n baie goeie wedstryd gespeel en was die beste senter op die dag spel. Die Bulle wen die wedstryd 32-21 en verdien ‘n waardevolle bonuspunt.

Nag ou grote!